





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 18 September 2016**

*"... die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie" (Jes 39:30).*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bediening aan die Jode.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vergader om 10:20. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Danie) en op Vleesbaai (Ds André). Kinderkerk (Aflos).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Stranddiensspan wat op Vleesbaai bedien.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vergader om 10:30. Gr. 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer en Dinsdag om 09:30 in die kerkgebou.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.



Ds Robert: Dinsdag 09:00 by sy huis; Donderdag om 09:00 op Vleesbaai en Boekleesgroep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat".

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** September is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Zimbabwe/Malawi/Mosambiek was R2 361-80.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**HULP AAN GEMEENTESEUN**: By die deure is 'n lys waar u 'n donasie kan belowe vir 'n 16-jarige seun van ons gemeente wat gediagnoseer is met skoliose en 'n lewensnoodsaaklike operasie by Groote Schuur Hospitaal moet ondergaan. Hulle benodig oor 2 maande R50 000 om hierdie operasie te kan laat doen.

**NG KANGOVALLEIE:** Hou Lentemark op Saterdag, 24 September in die Boord. As u in Oudtshoorn omgewing is, gaan kuier saam onder die appelkoosbome in die mooie Schoemanshoek. Heerlike speelplek vir kinders. 09:15 Pretstap in Karusa se boorde. 10:00 Verkope: Wors, vars plaasgroente, poedings, kerrie & rys, roosterkoeke, afval, tuisgebak, ens.

**BASAAR:** R107 977-30 (R2 317-20 kort teenoor 2015). Baie dankie aan elkeen wat die basaar so mooi ondersteun het.

**VERKIES TOT KERKRAAD:** Mike en Tjokkie d' Elboux.







**ALPHA KURSUS:** Begin vanaand om 17:00—19:00 in die kerksaal.



## GEBEDSBULLETIN

**September se tema: Ons Sendelinge**

**Dank die Here die week vir:**

* Die feit dat die wilde olyf (ons) inge-ent is op die mak olyf (Israel).
* Vgl Rom 9.
* Pragtige deel van die land waarin ons woon, met genoeg water.
* Sendelinge wat bereid is om hulle lewens letterlik op te offer vir die evangelie.
* Die Here se roeping en dat ons dmv geloofsoffers ver buite ons invloedsfeer 'n verskil kan maak.

**Bid vir:**

* Sending onder die Jode. Bid dat meer Jode Jesus as die verwagte en beloofde Messias sal leer ken.
* Die redding van redakteurs, joernaliste en invloedryke leiers en meningsvormers in die media-bedryf. Bid vir Geesvervulde Christene om met groot insig en wysheid hulle getuienis uit te leef en sinvolle bydraes te maak in die posisies waarin hulle aangestel is.
* Onderwysers en dosente wat met integriteit sal optree; bid vir wysheid, nederigheid en fyn aanvoeling om met elke skolier of student te werk.
* Oplossings tov politieke en ekonomiese woelinge.
* Regeringslui om die Here as ware en ewige Koning te leer ken.
* Die onstabiliteit op ons universiteitskampusse terwyl daar oor fooie onderhandel word.
* Dag-en-nag-ewening. Elke jaar tydens die twee dag-en-nag-eweninge, (21 Maart en 21 September) doen spiritiste en Sataniste rituele in 'n poging om die aarde en sy bewoners volgens hulle begeertes te beïnvloed.
* Rio paralimpiese spele.
* Al die maatskaplike werkers in ons land wat steeds onvermoeid dienste lewer aan soveel broos mense.
* Matrieks besig met rekord-eksamens; ook ander skoliere.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Roelien Jacobs, Harry Terblanché, Mariaan Huisamen Blombosch, Bessie Zietsman Santos Haven, Drienie Muller Mopaniestr, Pieter Kempen Boggomsbaai, Anene van Wyk Boggomsbaai, Sophie Honiball Vleesbaai.

